

# PROKUREURSEKSAMEN

## DEEL 3 PROKUREURSPRAKTYK

5 NOVEMBER 2020

09:00-11:15

Totaal: [100]

***Kandidate word 15 minute gegun om die vraestel deur te lees voordat hulle die vrae beantwoord. Geen kandidaat mag tydens hierdie tyd in die antwoordboek begin skryf nie. Die eksamen van 2 uur volg dan.***

1. Kandidate moet al die vrae beantwoord.
2. Kandidate moet daarop let dat punte vir goeie opstelwerk toegeken word.
3. Kandidate moet, soos nodig, hulle eie feite versin.
4. Skryf asseblief slegs in pen op die regterkantse bladsye.
5. Kandidate hoef nie 'n mondeling af te lê as 50% of meer behaal is nie, behalwe in uitsonderlike omstandighede. Kandidate wat minder as 40% behaal, kwalifiseer nie vir 'n mondeling nie en het in hierdie afdeling gedruip.

**VRAAG 1** **[8]**

---

‘n Werkgewer mag werknemers ingevolge die Wet op Arbeidsverhoudinge afdank op grond van operasionele behoeftes.

1.1 Waarop moet sodanige behoeftes berus? (4)

1.2 Welke alternatiewe tot afdanking behoort die werkgewer te oorweeg? (4)

**VRAAG 2** **[4]**

---

Op welke wesenlike sake (essentialia) moet partye ooreenkom om ‘n geldige vennootskapskontrak tot stand te bring?

**VRAAG 3** **[4]**

---

Wetgewing maak dit moontlik om soms elektroniese handtekeninge aan te bring. Welke vier algemene regsdokumente mag nie elektronies onderteken word nie?

**VRAAG 4** **[18]**

---

A wil vaste eiendom koop wat aan ‘n private maatskappy behoort. Hy word aangeraai om liewer aandele in die maatskappy te koop.

4.1 Stel die waarborge op wat A as koper redelikerwys van die verkoper/s kan vereis? (10)

4.2 Stel ‘n klousule op wat voorsiening maak vir die lewering van die toepaslike dokumente deur die Verkoper (wat u moet noem) aan die Koper. (8)

Aanvaar dat Artikels 4 en 112 van die Wet nie van toepassing is nie.

**VRAAG 5** **[22]**

---

Hoofstuk 6 en Regulasie 6 van die Maatskappywet 2008 behandel ‘n nuwe konsep naamlik Sakeredding (SR). Verduidelik kortliks die volgende aspekte van Sakeredding:

5.1 Die doel en oogmerke van SR; (8)

5.2 Hoe SR-verrigtinge begin kan word; (2)

5.3 Wie teen ‘n vrywillige SR beswaar kan maak; en (4)

5.4 Op welke gronde? (3)

5.5 SR stel onder andere ‘n moratorium op meeste regsaksies in. In welke gevalle kan verrigtinge tóg begin of voortgesit word? (5)

**(NB. Moenie detail van die SR-praktisyns in u antwoorde verstrek nie).**

**VRAAG 6****[15]**

Stel 'n klousule op wat in handelsooreenkomste gebruik kan word oor die betekening van prosesstukke en kennisgewings insluitende elektroniese middels. (Aanvaar dat nóg die Kredietwet nóg die Wet op Verbruikersbeskerming geld).

**VRAAG 7****[20]**

Is dit vir 'n regspraktisyn toelaatbaar om as sodanig:

- 7.1 Skuld in te vorder namens 'n persoon wie se *curator bonis* u is, verdedig en onverdedig? (3)
- 7.2 'n Eis teen 'n boedel te verdedig as u die eksekuteur is? (2)
- 7.3 Op te tree vir albei partye tot 'n huweliksvoorwaardekontrak? (2)
- 7.4 'n Kollega te dagvaar? Indien wel, hoe? Indien nie, waarom nie? (3)
- 7.5 Te begin optree vir 'n kliënt wat ontevrede is met die diens van 'n kollega in geding? Indien wel, hoe gaan u te werk; indien nie, waarom nie? (2)
- 7.6 Vertroulike inligting aangaande 'n kliënt te verstrek aan kliënt se eksekuteur; kurator; trustee? (3)
- 7.7 Op te tree vir albei partye in 'n egskeidingsgeding as die partye aparte bates en inkomste het; kinderloos is en verblyf huur; en skriftelik toestem met kennis van moontlike botsings van belange? (5)

**VRAAG 8****[5]**

U was suksesvol met 'n interim aansoek in 'n siviele geding in die Landdroshof. Kan u nou die kosterekening takseer? Verduidelik.

**VRAAG 9****[4]**

Voltooi die onderstaande *allocatur* in die Landdroshof. U is nie vir BTW geregistreer nie. Verduidelik u berekenings.

	<b>FOOIE</b>	<b>UITGAWES</b>
	R10 000.00	R4 500.00
<b>Min afgetakseer</b>	R4 500.00	R2 000.00

---

- - DIE EINDE - -

---